

# Geen varke toegelaat

Basilio Gimo

Afrikaans



Jare gelede, het 'n groep diere met horings besluit om 'n groot partytjie, hoog in die berge te hou. Hulle het slegs diere met horings na die partytjie genooi. Niemand anders nie.

Toe die vark van die partytjie hoor, het hy gedink, "Ek het nie horings nie. Wat gaan ek doen?"





Die volgende dag, het hy 'n idee gekry. Hy gaan horings aan sy kop vasplak met waks!

Dit het gewerk en die vark het baie slim gevoel, toe hy by die partytjie toegelaat is. Die probleem was egter dat die partytjie naby die son was.





Toe die partytjie begin opwarm, het die waks begin smelt en het sy horings af geval.

Die diere met horings was baie geskok! "Wie is daai sonder die horings? Hoekom het hy hiernatoe gekom?" het hulle gevra.

Die koning van die diere beveel toe, "Gryp die vark en gooi hom af aarde toe." Hulle gryp toe die vark en gooi hom af aarde toe.







Arme vark! Toe hy val, land hy op sy neus. En sy neus word toe platgeval in 'n snoet.

So moenie verbaas wees as jy die vark se plat snoet sien nie, want van daardie dag af was dit nog altyd so.



# Geen varke toegelaat

Writer: Basilio Gimo
Illustration: Little Zebra Books and Laura Libertore
Translated By: Ane Myburgh
Language: Afrikaans

LITTLE ZEBRA BOOKS

Text copyright SIL Mozambique, www.lidemo.net. Little Zebra Books celebrates African storytelling in local languages. To find out more, visit http://littlezebrabooks.com.

© Little Zebra Books, 2014

This work is licensed under a Creative Commons Attribution (CC-BY) Version 3.0 Unported Licence
Disclaimer: You are free to download, copy, translate or adapt this story and use the illustrations as long as you attribute or credit the original author/s and illustrator/s.

Saide
South African Institute for Distance Education
www.africanstorybook.org
A *Saide* Initiative